**Skriflesing: Joh 9:1-41**
**Tema: Watter soort mure bou ons: tronk- of hawemure?**

Tronkmure kan iets soos menslike tradisies, reëls of denkwyses wees waarmee jy jouself vasbou sodat jy nie kan beweeg nie. Hawemure beskerm teen die storms, skep veilige ruimtes en almal is daar welkom. Maar hawemure is nie gemaak om jou vir ewig daar binne te laat bly nie. Jy moet weer daaruit vaar. Bou jy tronkmure of hawemure?

Ek gaan die verhaal van die blinde man probeer vertel asof dit hyself is wat aan die woord is:
Ek is blind gebore. Vir ons as Jode was dit ‘n groot skande. Volgens ons was dit straf van God. Ek is as onrein beskou en daarom het mense my vermy. Ek is alleen gelos en moes bedel om te oorleef. Niemand het hulle aan my gesteur nie. Ek wou graag sien, maar almal weet dit is nie moontlik nie. Tot die een dag...

Jesus het my nie vermy nie. Ek het Hom en sy dissipels hoor naderkom. Sy dissipels het Hom ‘n vraag gevra waaroor ek ook al baie gewonder het. Hulle het ‘n vinnige en maklike antwoord gesoek. Wie se skuld is dit dat ek blind is: myne of my ouers s’n?
Jesus het geantwoord dat my blindheid niks met sonde te doen het nie. Ek is blind sodat die werke wat God doen, deur my gesien kan word. Ek het nie Sy antwoord verstaan nie.

Toe kom staan Hy by my en Hy doen iets wat nie so vreemd was in ons tyd nie. Ons het geglo dat speeksel, veral van ’n vername persoon, helende kragte bevat. Hy spoeg op die grond, maak modder aan en smeer dit op my oë. Toe beveel Hy my om in die Siloambad te gaan was. Koning Hiskia het ‘n tonnel van die tempelheuwel af laat grawe om water tot binne in die stad te bring. So sou ons water hê, al is die stad onder beleg. Ons het geglo dat God in Sy tempel bly. Met ander woorde: die water in die bad kom van God. Siloam beteken dan ook ‘die een wat gestuur is’. Ek sou eers later verstaan waarom ek daar moes gaan was. Dit was sodat ek die Een kon ontmoet wat deur God gestuur is. Ek het gaan was en ek kon weer sien. Nog nooit in die geskiedenis van Israel het dit gebeur dat ‘n man wat blind gebore is, weer kan sien nie. Ek is nie net fisiek genees nie, ek is ook sosiaal herstel. My sogenaamde onreinheid is van my weggeneem. Ek sou nie langer as uitgeworpene op die rand van die samelewing leef nie. Vir die eerste keer in my lewe was ek deur my mense aanvaar. En ek is geestelik herstel. Binne die Joodse godsdienstige konteks, is ek gereinig.

’n Nuwe lewe het vir my aangebreek. Ek wou net feesvier! Maar die mense om my het hulle met kopdinge besig gehou. Julle moes die mense wat my as bedelaar geken het, se reaksie sien! Party het gevra of ek die blinde man is wat gesit en bedel het, ander het dit bevestig. Sommige het gewonder of dit nie my dubbelganger is nie.

Hulle bring my toe na die Fariseers toe. Die Fariseers was glad nie opgewonde oor wat gebeur het nie. Anders as ek, wou die Fariseers nie werklik sien nie. Hulle het verkies om geestelik blind te bly. Hulle was in sondeduisternis vasgevang.

Hulle het hulle eie tradisies, wette en reëls gehad. Dit is al waarin hulle geglo het. Dit was al wat vir hulle saakgemaak het. Daarmee het hulle hulself met tronkmure toegebou.

Hulle het 39 take gehad wat nie op ‘n sabbatdag gedoen mag word nie. Die aanmaak van klei en die smeer daarvan aan my oë was ‘n oortreding van hulle mensgemaakte sabatswette. Dit is al waarop hulle gefokus het, Moses, sy wette en al die wette wat hulle daarby gevoeg het. Die feit dat Jesus in my lewe ‘n wonderteken gedoen het, het by hulle verbygegaan.

Hulle wou nie in Jesus glo nie. Ek verstaan dit nie regtig nie. Volgens die Ou Testament is dit slegs God (Eks 4:11; Ps 146:8) en die Messias (Jes 29:18; 35:5; 42:7) wat blindes

kan laat sien. In die verhaal van Elisa en die Arameërs kon hulle tog sien dat dit Hy is wat mense blind maak en weer laat sien. (2 Kon 6). Hierdie wonderteken van Jesus is dus 'n onteenseglike bewys dat Hy die Messias is.

Maar hulle wou nie glo dat Jesus die Seun van God is nie. Tweemaal praat hulle van Hom as "hierdie man". Hulle het vir my gevra hoe dit gekom het dat ek weer kan sien. Ek het vir hulle my verhaal vertel. Hulle was verdeeld onder mekaar. Van hulle het gesê dat Hy nie die sabbatdag hou nie, daarom is Hy 'n sondaar. Ander het gesê dat as Hy 'n sondaar is, hoe kan Hy dan die wondertekens doen. Hierdie was al die sesde van sewe wondertekens wat Hy gedoen het. Hulle moes tog daarvan geweet het!

Toe hulle vir my vra wie ek dink Hy is, het ek gesê ek dink dat Hy 'n profeet is. Die Jode wou my verhaal nie glo nie, daarom roep hulle my ouers. Hulle moes bevestig dat ek blind gebore is. Omdat my ouers bang was om uit die sinagoge geban te word, het hulle die bal teruggeplaas in my hande: "Ons weet nie wat gebeur het nie, vra hom, hy is ouer as 13 jaar. Laat hom self vertel." Ek het hulle jammer gekry, want hulle het regtig nie geweet wat aangaan nie. En die tempel was 'n belangrike plek. Hulle wou ten alle koste saam met die Jode bly aanbid. Hulle wou nie uit die Joodse geloofsgemeenskap en die voorregte wat daarmee saamgaan, gesit word nie.

Toe roep die Jode my 'n tweede keer in. Hulle beskuldig my dat ek nie die waarheid praat nie. Eintlik sê hulle my aan om God die eer te gee deur te sê dat Jesus 'n sondaar is. Ek weet nie baie nie, maar ek weet dat ek blind was en nou sien. En toe vra hulle my om die storie weet te vertel. Ek het geweet ek mors my asem en het sommer reguit vir hulle gesê dat hulle sekerlik nie oorweeg om dissipels te word nie.

Ek het ook vir hulle gesê: "Ons almal weet tog dat God nie na mense luister wat niks met Hom te doen wil hê nie. God verhoor slegs die gebede van iemand wat Hom dien en so optree dat God met hom tevrede is." (Joh 9:31 in die Boodskap) Dit het nog nooit in die geskiedenis van Israel gebeur dat man wat blind gebore is, kan sien nie. Jesus het my laat sien. God het sy gebede verhoor. Dit is die bewys dat Jesus deur God gestuur is!

Ek is nogal so bietjie trots op myself. Hierdie is die eerste plek in die evangelie waar Jesus nie Homself teen Joodse leiers hoef te verdedig nie, maar waar ek vir Hom standpunt ingeneem het. Jong, maar hulle het hulle liederlik vir my vervies. Hulle het my uitgeskel. Hulle was dissipels van Moses en die wet en ek is 'n dissipel van Hom! Dit was daarom vir hulle duidelik dat ek van my geboorte af die ene sonde is. Ek is uit hulle godsdienstige byeenkomste verbied. Van hulle is die spreekwoord dat niemand so blind is soos hy wat nie wil sien nie, waar.

Ek het hulle eintlik jammer gekry. Hulle verkies om in hulle eie mensgemaakte tronk vol duisternis te bly. Jesus het ook later vir hulle gesê dat hulle dink dat hulle sien, maar dat hulle eintlik blind is.

Julle ken die einde van my verhaal. Jesus het my weer kom soek en my verseker van dit wat ek eintlik reeds geweet het. Hy is die Seun van die mens. Hy het vir my 'n pad saam met Hom laat stap. Ek het eers van Hom gepraat as die man met die naam Jesus, daarna het ek gedink Hy is 'n profeet, man van God en Seun van die Mens. Nou glo ek in Hom. Ek aanbid Hom as Here.

Wat van jou: waar pas jy in hierdie verhaal in? Bou jy tronkmure of hawemure?
Die dissipels in die verhaal het tronkmure gebou, omdat hulle net vinnige maklike antwoorde gesoek het. Van my bure was nie oopkop genoeg om 'n wonderteken te erken as hulle dit sien gebeur nie. My ouers het ten alle koste aan die bekende vasgehou. Oor die tronkmure wat die Fariseers gebou het, het ek genoeg gesê.

Maar laat ek vir julle verseker: die Here is die een wat steeds wondertekens doen. Hy genees geestelik, fisiek en emosioneel. Hy spesialiseer in die heelmaak van stukkende verhoudings. Hy bou hawemure waarbinne almal veilig is teen die storms. Hy herstel ons en stuur ons dan weer uit om 'n verskil te maak in die wêreld.

Laat toe dat Jesus jou oë aanraak sodat jy kan sien. Laat Hom jou lewe aanraak en jou lei uit sondeduisternis na Sy lig. Glo in Hom, aanbid Hom en bou saam met Hom hawemure.
**Amen**